

**30 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 92**

**Fokusgedeelte: Psalm 92:13-16**

### **Die regverdige sal groei soos 'n palmboom**

Die dadelpalm is 'n woestynplant. Met sy lang, regop stam - soms tot 48m hoog - troon dit sierlik bokant sy omgewing uit. (Dit begrippe welig groei, sierlik en regop is almal verwant aan die Hebreeuse woord vir die palm.) Dit het alle eienskappe wat die eienskappe van gelowige merkwaardig uitbeeld. Soos 'n palmboom moet 'n gelowige in sy eerlikheid, opregtheid en onkreukbaarheid hoog uittroon bokant sy omgewing (Matt 5:16).

Met sy rateltaai stam en harde blare weerstaan dit die versengende hitte, snerpande koue en swiepende sandstorms van die woestyn. Dit laat 'n mens dink aan die rateltaai uithou vermoë van die gelowige: "...ons word ... op grond neergegooi, maar nie vernietig nie." (2 Kor 4:9.) Die heerlikste eienskap van die palm is sy wonderlike, soet vrugte - dikwels tot 20 000 aan 'n enkele boom! Ou bome is die beste draers. So is die gelowige wat reg lewe ook. Tot in sy ouderdom dra hy met voorbeeld, daad en woord heerlike vrugte tot eer van God. God se regverdigheid word sigbaar in die geseënde lewe van sy kinders.

Daar is voorwaarde vir so 'n geseënde lewe. Soos die palmboom alleen kan oorlewe as dit by die waterbron van 'n oase staan, moét die gelowige sy krag put uit gemeentelike samekomste, daar waar hy saam met ander gelowiges God vereer, die gemeenskap met God belewe, aanbid, saam sing, offers bring en versterk word met Woord van God (Heb 10:25).

*Sing: Psalm 92:6,7 Ds APC Duvenage*